

Grondregte in die proses van dorpsontwikkeling vir swartes in die Schweizer-Reineke gebied tot 1962

deur

SUSAN. J. BESTER EN ELIZE S. VAN EEDEN*

1. Inleidende opmerkings rakende die huidige aktualiteit van grondregte in Suid-Afrika

Die reg om grond aan 'n ieder en elk, is tans 'n baie prominente punt van bespreking in Suid-Afrika. Om die proses van grondtoewysing en ontwikkeling in Schweizer-Reineke te verhelder, word die volgende ter toeligting voorgedra:

In die Deklarasie van Menseregte,¹ wat deur die meeste lande erken word, is die reg op eienaarskap, en ook by implikasie individuele grondregte, as 'n siviele reg opgeneem. Reeds in 1962 is die individu se reg tot grond ook in die Civil Rights Act opgeneem.² Binne hierdie westerse beskouing kan 'n wettige eienaar van grond byvoorbeeld die grond verkoop en/of verpand.³ Saam met die reg wat sodanige persoon op grond het, het die persoon ook die reg op die opbrengs wat die grond mag oplewer.⁴

In Suid-Afrika word twee stelsels ten opsigte van grondregte in Suid-Afrika erken, naamlik die tradisionele kommunale stelsel en die westerse-georiënteerde individuele stelsel.⁵ Die San, Khoikhoi en ander swart

Me. Susan Bester is 'n geskiedenisonderwyseres in Potchefstroom. Hierdie artikels is gebaseer op haar MA-verhandeling Ipelegeng, 1918-1994: Van Plakkerkamp tot dorpsgrond - 'n historiese studie (PUCHO, 1997). Sy is tans besig met 'n doktorsale studie oor die ekonomiese rol en invloed van die Elektrisiteitskontraakteursvereniging van Suid-Afrika. Prof. Elize S. van Eeden is 'n buitengewone dosent in geskiedenis in die Skool vir Sosiale Studies aan die PUCHO. Haar mees onlangse publikasie het gehandel oor: The cultural experience of the people in the former Western Transvaal, with specific focus on Carletonville", *SA Journal of Cultural History*, 12 (1), May 1998.

Die Universele Deklarasie van Menseregte is op 10 Desember 1948 deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar. P.J. RIGA, *Human rights as human and Christian realities* (Associated Faculty Press, New York, 1982) p.24.

2. Z.F. ARAT, *Democracy and Human Rights in developing countries* (Rienner, London, 1991) p.3.
3. D.G. KLEYN *et al.*, *The law of property* (Juta, Durban, 1992) p.48.
4. A. HADENIUS, *Democracy and development* (Cambridge University Press, Cambridge, 1992) pp.98-99.
5. Vergelyk met die Republiek van Suid-Afrika (RSA), Buro vir Inligting, Witskrif op grondhervorming- 'n kortbegrip en agtergrondstudie (Buro vir Inligting, Pretoria, 1991) p.61.

bevolkingsgroepe soos die Xhosa en die Zulu het die kommunale stelsel na Suid-Afrika gebring. Met hierdie stelsel is daar 'n kollektiewe perspektief op grondregte waarvolgens die stamhoof die grond in trust hou. Die grond kan nie sonder die toestemming en goedkeuring van die stamhoof verkoop word nie, maar die stamlede het die reg op bewoning en besit van woonpersele en bewerkbare grond. Verder word natuurlike hulpbronne soos water en weiding gemeenskaplik deur lede benut.⁶

In teenstelling met die kommunale stelsel is die beginsel van individuele grondregte deur die blanke nedersetters aan die suidpunt van Afrika toegepas. Dit was dan ook die basis waarop die eerste Vryburgers in 1557 hulle plase van Jan van Riebeeck aan die Kaap ontvang het.⁷

Dit blyk dat regeringstrukture in Suid-Afrika, hetsy in die koloniale bedeling of in die eertydse republieke, elk 'n eie bepaalde stel kriteria met betrekking tot grondregte neergelê het. In die voormalige ZAR (Suid-Afrikaanse Republiek) kon individuele swartmense en swart gemeenskappe nie grond in eiendom hou nie. Regeringsinstansies soos die Krygsraad en Volksraad het bloot daarvoor voorsiening gemaak dat grond aan swart gemeenskappe toegewys word. Ongeag die beperking het swart gemeenskappe op verskeie wyses grond bekom. Onder meer het sendelinge grond namens swart gemeenskappe aangekoop.⁸ Na die Pretoria Konvensie van 1881 is die Naturelle Lokasiekommissee aangestel wat volgens bepaling grondgebiede vir reservate (ook "locati" genoem) vir swart gemeenskappe moes aanwys.⁹

So het dit dan gekom dat die afbakening van die Massouw Locati vir die Taaibosch-Korannas by Mamusa, die plek waar Schweizer-Reneke in 1888 gestig is, uitgeloop het op die Slag van Mamusa.¹⁰ Hierdie slag was waarskynlik as gevolg van die feit dat die Korannas nie tevrede was met die ZAR se, byna, outokratiese grondtoewysiging nie. (Kyk afdeling 2 vir 'n breedvoerige bespreking hiervan.)

Tydens dié slag is hulle deur die ZAR-magte verslaan en was dit die einde van die Korannas as onafhanklike bevolkingsgroep¹¹. Ondertussen het die

-
6. I. SCHAPERA, *The Khoisan people of South Africa, Bushmen and Hottentots* (Routledge & Kegan, London, 1963) pp. 319-324; E.J. KRIGE, *The social system of the Zulus* (Shuter & Shooter, Pietermaritzburg, 1962) p. 241.
 7. R. ELPHICK *et al.*, *The shaping of South African society, 1652-1820* (Maskew Miller, London, 1979) p.44.
 8. J.S. BERGH, Grondregte in Suid-Afrika: 'n 19de eeuse Transvaalse perspektief, *Historia*, 40(2), pp.41-42.
 9. W.A. STALS, Die kwessie van Naturelle-eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884, *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1972, 11, pp.4-5, 52-53; T.R.H. DAVENPORT *et al.*, *The right to the land* (David Philip, Cape Town, 1974) pp.9-10.
 10. M.M.B. LIEBENBERG, *Schweizer-Reneke* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1990) pp.21-23.
 11. Transvaalse Argriebewaarplek (TAB) in Nasionale Argriebewaarplek (NAB), British Parliamentary Papers (BBP), C4643-1186: Further correspondence respecting the affairs of

Naturelle Lokasiekommissie hul taak voortgesit, ontevredenheid soos die met die Korannas ten spyt.

Die jaar 1913 staan in die geskiedenis van Suid-Afrika onteenseglik uit as 'n jaar waarin daar vir die eerste keer deur middel van wetgewing 'n verdeling van grondregte tussen groepe daargestel is. Die Uniale regering het die Naturelle Grond Wet, no. 27 van 1913 aanvaar waardeur die beginsel van rassesekeiding verder verstewig is.¹²

Ingevolge die bovermelde 1913 wetgewing is swart mense verbied om grond buite gebiede wat vir hulle gereserveer gesit is te bekom. Hulle kom met ander woorde nie grond in blanke-gebied (wat skynbaar tussen 87% en 92% van Suid-Afrika se totale grondoppervlak beloop het), koop of bekom nie.¹³ 'n Sigbare kenmerk van hiërdie Wet was die ongelyke verdeling van grond tussen swart en blank.

Die reaksie wat die kontroversiële 1913-Wet uitgelok het, is oorbekend. 'n Toevoeging hierop het eers in 1936 gevolg. Met die Naturelle Trust en Grond Wet no. 18 van 1936¹⁴ is die grond vir die swart gebiede na 13.5% vermeerder.¹⁵ Hierdie "toevoeging" het nie werklik vreugdevure onder swart geleedere laat brand nie. Die toegewysde grond aan swart mense was steeds beskou as beperk.

Met die bewindoorname van die Nasionale Party in, Mei 1948 was grond 'n baie belangrike komponent van die party se toekomstige visie. Hieronder tel die Groepsgebiede Wet van 1950.¹⁶ Die groepsgebiedewet het afsonderlike

the Transvaal and adjacent territories, p. 10; A.B. DELPORT, *Die Koranna-oorlog in Wes-Transvaal, 1885* (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1968) pp. 80-88; TAB in NAB, Kommandant-generaal (KG), 615, CR 447/86; Notule van krygsraadvergadering, Mamusa, 4.12.1885.

12. E.M. LETSOALO, *Land reform in south Africa* (Ravan Press, Johannesburg, 1987) pp. 35-36; E.P. DVORIN, *Racial Separation in South Africa : An Analysis of Apartheid Theory* (Routledge & Paul, London, 1952) pp. 21-22; T.R.H. DAVENPORT, (et al.), *The Right to the land* (Macmillan, Kaapstad, 1974) pp.9-14.
13. (RSA) Buro vir inligting, *Witskif op grondhervorming: 'n kortbegrip en agtergrondstudie* (Buro vir Inligting, Pretoria, 1991) pp. 13-14; T.R.H. DAVENPORT, *South Africa : A modern History*, vierde uitgawe (Macmillan, Johannesburg, 1991) pp. 234-237, 266-267. A.J. RYCROFT, *Race and the Law in South Africa* (Juta, Kaapstad, 1987) p.10; F. A. VAN JAARSVELD, Historiese perspektief op grondbesit in Suid-Afrika, *Woord en Daad*, somer: 350, 1994, p.10.
14. (RSA) Buro vir Inligting, *Witskif op grondhervorming: 'n kortbegrip en agtergrondstudie* (Buro vir Inligting, Pretoria, 1991) p.16; C.F.J. MULLER (red), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, (Academica, Pretoria, 1973) pp. 321-394; T.R.H. DAVENPORT, *South Africa: A Modern History*, vierde uitgawe, (Macmillan, Johannesburg, 1991) pp. 266, 280-285, 511.
15. F.A. VAN JAARSVELD, *Historiese perspektief op grondbesit in Suid-Afrika*, *Woord en Daad*, Somer: 350, 1994, p. 10; M. WILSON *al et*, *The Oxford history of South Africa* (Clarendon Press, Oxford, 1971) pp. 337-438.
16. T.R.H. DAVENPORT, *South Africa: A Modern History*, vierde uitgawe (Macmillan, Johannesburg 1991) pp.328-329, 491-492, 539-541.

woongebiede vir blank en swart in die vooruitsig gestel.¹⁷ Sedert die vyftigerjare is sowat 3 miljoen mense, met geweld verskuif of op verpligte wyse hervestig. In die “volksmond” het hierdie proses van verskuiwing en hervestiging bekend geword as gedwonge verskuiwing (forced removals).¹⁸

Na byna 50 jaar is die Nasionale Party se bewind en so ook die Apartheidsjare beëindig. Die party is deur die ANC (African National Congress) in die eerste demokratiese verkiesing van April 1994 verslaan.¹⁹ Die ANC het net soos sy voorgangers sy eie stel gewysigde kriteria ten opsigte van grondregte daargestel. Dit het radikaal van die Nasionale Partyregering verskil. Volgens die huidige Minister van Grondsake, mnr. Derek Hannekom, beskou die ANC grond as die voedingsbron van die mens. Dit gee lewe, voed en hou die lewe instand. As mense grond ontsê word, word hulle ook die lewe ontsê. Verder word grond deur die regering as ‘n nasionale bate beskou, en die doeltreffende benutting daarvan word beskou as in almal se belang.

Verder is die betekenis van grondregte geleë in die begrip eienaarsreg, en die absolute reg om grond te benut en te gebruik. Grondregte is dus ‘n fundamentele mensereg en daarom is die ANC-regering van mening dat grond en die reg tot grond op gelykwaardige wyse vir alle mense in Suid-Afrika beskikbaar moet wees. Die ANC-regering beskou grond wat gemeenskaplik deur ‘n groep besit word as grond wat reeds toegewys en hervreem is. So word die grondregte van die groep sowel as die individu beskerm.²⁰

As gevolg van historiese grondbesetting, segregasie en die hantering van verskuiwings gedurende jare van apartheid in die vorige bedelings, geld die ANC-regering se huidige proses van grondhervorming hoofsaaklik vir gevalle van grondvervreemding en onteiening, gedwonge verskuiwing en hervestiging wat na 19 Junie 1913 plaasgevind het om die herstel van grondregte doeltreffend te administreer en prakties uit te voer is die nodige strukture reeds in 1991 deur die NP-regering daargestel. Nuwe strukture is na April 1994 in plek gestel as verteenwoordigend van die ANC-regering se visie.²¹

C.F.J. MULLER, (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Academica, Pretoria, 1973) p.494.

18. (RSA) Buro vir Inligting, *Witskrif op grondhervorming - 'n kortbegrip en agtergrondstudie* (Buro vir Inligting, Pretoria, 1991), p.14; C.F.J. MULLER (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Academica, Pretoria, 1973) p. 391, L. PLATZKY *et al.*, *The surplus people: forced removal in South Africa* (Ravan Press, Johannesburg, 1985) p.ix.
19. *Beeld*, 04-04-1994; R. SOUTHALL, “South Africa’s 1994 election in an African perspective” in *African insight*, 24:2, (1994), pp.86-98.
20. Republiek van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 23 Januarie - 12 Oktober 1995, pp. 2195, 2202, 2211; (R.S.A.) Buro vir Inligting, *Witskrif op grondhervorming - 'n kortbegrip en agtergrondstudie* (Buro vir Inligting, Pretoria, 1991) pp. 2, 15.
21. E. SWANSON, A Land Claim Court for South Africa, *South Africa Journal on Human Right*, 8:1, 1992, p. 323; T. DE VILLIERS, Grondeise stroom in, *Finansies en Tegniek*, 9 Desember 1996, p. 7; A.J. VAN DER WALT, “Land reform in South Africa since 1990 - an overview” in

Die volgende afdelings fokus uitsluitlik op 'n bespreking van tot watter mate die proses om reg op grond, vir veral swartmense, in die Schweizer-Reneke gebied verloop het.

2. 'n Historiese oorsig oor die proses van reg op grond en landelike vestiging in die Schweizer-Reneke gebied voor 1927.

2.1 Vroeë vestigingspatrone

Die eerste vroeë bewoners van die gebied waar blanke Trekkers Schweizer-Reneke (ook bekend as Mamusa onder swart mense) in 1888 gestig het, is die San.²² In die voetspore van die San het die Khoikhoi gevolg. Gedurende die aanvangsproses van migrasie, klaarblyklik sowat 2000 jaar gelede, het van die Khoikhoi-groepe soos die Korannas en Griekwas so ver suid as die Kaap getrek.²³ Die wes- en suid-Sotho-groeperings, soos die Rolong, Tlhaping en Taung, het gedurende die 17e eeu gebiede soos die voormalige Noord-Kaap en Wes-Transvaal (wat Schweizer-Reneke ingesluit het) binne gekom.²⁴

Tussen 1813 en 1820 het die Korannas vanaf die Kaap hulle in die omstreke van Mamusa²⁵ gaan vestig. Hierdie Korannas was hoofsaaklik Taaibosch- en Link-Korannas. Hulle hoofman ten tyde van vestiging was kaptein Massouw Riet Taaibosch. Hy is na sy dood op 11 Junie 1878 opgevolg deur sy seun David Massouw Riet Taaibosch.²⁶

'n Voortdurende soeke na genoegsame weiding het dikwelsontaard in 'n stryd om grondregte tussen die Korannas en die Batlhaping. Hierdie twis, wat dikwels op bloedige botsings uitgeloop het, het tot om en by 1867

Public Law, (10, 1994) p.12.

22. I. SCHAPERA, *The Khoisan people of South Africa: Bushman and Hottentots* (Routledge & Kegan, London, 1963) pp. 26-29.
23. H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Academica, Pretoria, 1990) p. 29; L.F. MAINGARD, "Studies in Korana history, customs and language: The problems - a glimpse into the present-day life of the Korana" in *Bantu Studies*, December, 1932, p. 108. Daar word van kennis geneem dat Koranna met net een "n" geskryf word. Volgens die *Verklarende Handwoordeboek (HAT) van die Afrikaanse Taal* is dit korrek om een "n" of twee "nn'e" te gebruik.
24. J.P. BRUWER, *Die Bantoe van Suid-Afrika* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963) p.22.
25. Die oorsprong van die naam Mamusa is nie duidelik nie. Daar kan bloot bespiegel word dat dit 'n samestelling en verbuiging van die woorde "Mansa Musa" kan wees. Mansa beteken koning, en letterlik beteken dit koning Musa. Koning Musa was 'n hooggeëerde Maleise heerser in Oos Afrika wat vanaf 1312 tot 1337 geheers het. Kyk T.W. WALLBANK, *Civilization; Past and present, Vol. 1, pp. 364-365*. 'n Ander moontlikheid is dat Mamusa afgelei kan word van die woord "Maamuse". Dit het die betekenis van die "drinkplek" of "soogplek". Met Mamusa geleë langs die oewers van die Hartsvrivier pas die benaming. Inligting verkry van dr. G. Vermeulen, Departement Afrika-tale, PU vir CHO, April, 1997.
26. W.J. DE KOCK en D.W. KRÜGER (red), *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek II* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1972), pp. 462-463.

voortgeduur.²⁷

Ondertussen het blankes gedurende die dertigjare ook die gebied noord van die Hartsrivier, wat Mamusa en omstreke ingesluit het, begin eksploreer vir jagdoeleindes. Blanke dorpsvestiging in die gebied het egter eers van die 1860's werklik begin posvat.²⁸

2.2 Grondregte in die Schweizer-Reneke gebied kry 'n nuwe dimensie

Die ontdekking van diamante sedert die sestigerjare van die 19e eeu het die stryd om reg op grond aangemoedig. Ongetwyfeld is hiermee 'n nuwe dimensie aan grondregte verleen. Die ZAR, Koranna, Rolong en die Tlhaping het almal aanspraak gemaak op die gebied tussen die Harts- en Vaalrivier-wat ook Mamusa en omstreke ingesluit het.²⁹

Om sy posisie ten opsigte van die aanspraak op die gebied te versterk het die ZAR verdrae met die Korannas gesluit. Op 9 Augustus 1870 het president M.W. Pretorius met Massouw Riet Taaibosch 'n vriendskapsverdrag gesluit. Hiervolgens moes die kaptein afstand doen van enige aanspraak op die grond tussen die Harts- en Vaalrivier. Pretorius moes weer op sy beurt die grondgebied wat Mamusa ingesluit het, aan die Taaibosch-Korannas as woongebied gee.³⁰ Die Korannas is ook direk geraak deur die woordstryd tussen die ZAR en Brittanje sedert 1881, aangesien die wesgrens van die ZAR deur die Pretoriase Konvensie van 1881 verskuif is tot by die Hartsrivier. Hierdie grensafbakening het die Korannagrond by Mamusa in twee gedeel. Terwyl Mamusa aan die westelike oewer van die Hartsrivier nie deel van die ZAR gevorm het nie, was van die Koranna-weivelde in ZAR-grondgebied.³¹

Om 'n botsing met die ZAR te vermy, het die Korannas hul vee blykbaar op die westelike oewers van die Hartsrivier gehou. Dit het meegebring dat daar

-
27. J.A. ENGELBRECHT, *the Korana: an account of their customs and their history* (Maskew Miller, Cape Town, 1939) p. 35; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) in Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Staatssekretaris (SS) 468, R4124/80: Getuienis van Massouw Riet Taaibosch, 1871, p.38.
 28. M.M.B. LIEBENBERG, *Schweizer-Reneke* (Raad vir Geesteswetenskappe Navorsing, Pretoria, 1990) p.18.
 29. C.F.J. MULLER (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Academica, Pretoria, 1973) pp. 248-249; H.P. MAREE, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke: 3 Oktober 1888 - 31 Desember 1969* (H.P. Maree, Schweizer-Reneke, 1969) p.19.
 30. F.A. VAN JAARSVELD, *Vaalrivier omstrede grenslyn* (Perskor, Johannesburg, 1976) pp. 191-238, 227.
 31. TAB in NAB, British Parliamentary Papers (BPP), C 3381-1882: Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal and adjacent territories, pp. 50, 78-79; F.A. VAN JAARSVELD, *Vaalrivier omstrede grenslyn* (Perskor, Johannesburg, 1979) p. 246; A.B. DELPORT, *Die Koranna-oorlog in die Wes-Transvaal, 1885*, (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968) pp. 12-13.

weidingsprobleme tussen hulle en die Tlhaping ontwikkel het. In November 1881 het sake tussen beide 'n breekpunt bereik, en hierop het 'n negemaandelange oorlog gevolg. Vrede is eers op 26 Julie 1882 gesluit.³²

Om hierdie twis op die wesgrens te kalmeer het Brittanje en die ZAR die Londense Konvensie in 1884 onderteken. Hiermee is die wesgrens verskuif na die Marokaneheuwels. Dit het meegebring dat Mamusa nou ten volle deel van die ZAR geword het.³³

Die feit dat Mamusa by die ZAR ingelyf is, het beteken dat die Korannas vanaf 1884 onder die gesag van die ZAR gestaan het. Dit het tot gevolg gehad dat, volgens die Pretoria Konvensie se Naturelle Lokasiekommissee, daar voorsiening gemaak moes word vir 'n reservaat (ook "locati") genoem vir die Korannas³⁴. Hiermee was kaptein Dawid Massow Riet Taaibosch en sy mense se onafhanklikheid bedreig, aangesien hulle nou as ZAR onderdane beskou is. Die voorgenome reservaat het duidelik nie die goedkeuring van die Koranna weggedra nie. Hulle het daarop geweier om enige samewerking ten opsigte van die grensasstelling vir die beoogde reservaat te gee.³⁵

Massow het homself as die leier van 'n eiesoortige, vrye en onafhanklike bevolkingsgroep beskou. Kommandant-generaal P.J. Joubert, wat in daardie stadium die Superintendent van Naturelle was, het gevrees dat vertroebel verhoudinge tussen die ZAR en Korannas 'n negatiewe invloed kon hê op die ander groepe soos die Tlhaping en Rolong³⁶ in die Vryburg gebied, aangesien hulle hierdeur aangemoedig kon word om moontlik net soos die Korannas in opstand te kom. Mamusa, oftewel Schweizer-Reneke, se afstand vanaf Vryburg (die hoofstad van die voormalige Stellaland) en Mafeking, het waarskynlik bygedra tot die vrees dat opstand kan uitbreek.³⁷

-
32. TAB in NAB, BPP, C3381-1882: Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal and adjacent territories, pp. 69-70; M.M.B. LIEBENBERG, *Schweizer-Reneke* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1990) H.P. MAREE, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke, 3 Oktober 1888-31 Desember 1969* (H.P. Maree, Schweizer-Reneke, 1969), p.26.
 33. TAB in NAB, BPP, C 4889-1886: Raport of the commissioners appointed to determine land and land settlement in British Bechuanaland, p. 25.
 34. A.B. DELPORT, *The Koranna-oorlog in Wes-Transvaal, 1885* (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1986) p. 24.
 35. TAB in NAB, Kommandant-generaal (KG), 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/Kommandant van Naturelle, Marico, 06.11.1885.
 36. TAB in NAB, KG, 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/David Massow Riet Taaibosch, Mamusa, 09.11.1885.
 37. Die Tlhaping het gedurende 1856 plase wat verspreid was oor die gebied noord van Stellaland as grondgebied van Brittanje ontvang. Die Rolong se afgebakende grondgebied het die Kunmwana en Mafeking-gebied ingesluit. Hierdie grond wat vir die Swart Stamme afgebaken was, het as locati of reservate bekend gestaan. T.R.H. DAVENPORT, *South Africa: A Modern History*, vierde uitgawe (Macmillan, Johannesburg, 1991) pp. 170-171; TAB in NAB, KG, 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/David Massow Riet Taaibosch, Mamusa, 09.11.1885.

Die daarop “onvermydelike” Slag tussen die ZAR en Korannas (Slag van Mamusa) het op 2 Desember 1885 begin en die volgende dag geeëndig.³⁸ Die oorlog het letterlik die einde beteken van die Korannas as onafhanklike bevolkingsgroep. As gevolg van uitwissing en ‘n drastiese verskraling van getalle het hulle ook daarmee hulle reg op grondgebied (reservaat) verloor.

Gewonde Korannas is so gou as moontlik by boere geplaas, sodat in die regering nie nodig was om uitgawes vir hulle mediese versorging aan te gaan nie.³⁹ Die res van die Korannas is as arbeiders by boere in die Lichtenburg- en Potchefstroom distrikte ingeboek, terwyl die wat aan die gewapende geweld deelgeneem het op grond van hulle status as krygsgevangenes vir 3 jaar in diens by boere geplaas is. As gevolg van die feit dat die Korannas nou versprei was, was dit dus nie meer nodig om ‘n reservaat af te baken nie.⁴⁰ Hierdie proses van hervestiging van die oorlewende Korannas by boere het duidelik elemente van gedwonge verskuiwing in die Schweizer-Reneke gebied.

Dit is dan ook by Mamusa, wat deel sou wees van die voorgenome “Massouw Locati”, dat Schweizer-Reneke in 1888 vir die blanke gestig is. Hierdie vestiging was hoofsaaklik gemotiveer deur die behoeftes van boere in die omgewing aan ‘n sentrale sentrum vir ekonomiese en godsdienstige aktiwiteite in die gebied.⁴¹

2.3 ‘n Nie-amptelike lokasie te Schweizer-Reneke kry beslag

Soos wat blanke dorpe ontwikkel het, het swart verstedeliking ook toe geneem. Swartmense het naby die dorpe gaan woon op terrein wat bekend gestaan het as lokasies. Die moontlikheid van werksgeleentede was van die redes vir die ontstaan van die lokasies.⁴²

Reeds voor die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) het daar ook by Schweizer-Reneke ‘n lokasie ontstaan. Hierdie lokasie was sowat 85 meter

-
38. H.P. MAREE, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke, 3 Oktober 1888-31 Desember 1969* (H.P. Maree, Schweizer-Reneke, 1968) pp. 32-35; TAB in NAB, BPP, C 4643-1886: Further correspondence respecting the affair of the Transvaal and adjacent territories.
 39. A.B. DELPORT, *Die Koranna-oorlog in Wes-Transvaal 1885*, (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968) pp. 80-85.
 40. TAB in NAB, KG, 615, Cr 447/86: Notule van krygsraadvergadering, Mamusa, 04.12.1885; TAB in NAB, KG, 615, CR 447/86: Notule van krygsraadvergadering, Mamusa, 05.12.1885; A.B. DELPORT, *Die Koranna-oorlog in Wes-Transvaal, 1885*, (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968) pp. 86-88.
 41. ZAR, *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 03.10.1888; TAB in NAB, Staatssekretaris (SS), 1185, R 1055/86: G.J. van Niekerk, Niekerksrust/Staatssekretaris, 17.05.1887, p.111.
 42. M.WILSON et al., *The Oxford History on South Africa*, (Clarendon Press, Oxford, 1971) pp.17-22.

wes van die dorp, en kan vergelyk word met 'n hedendaagse plakkerskamp. Dit was nie formeel uitgelê nie en was ook nie as lokasie geproklameer nie. Aangesien dit dorpsgrond was, was huurgeld vir standplase in die lokasie betaalbaar aan die blanke plaaslike bestuur.⁴³ Daar is geen dienste in die lokasie gelewer nie, en die inwoners het water vir huishoudelike gebruik uit die Hartsrivier gekry.⁴⁴ Die beknopte en onhigiëniese toestande wat in die lokasie geheers het, is vererger deurdat vee en ander diere soos varke toegelaat is om los in die lokasie te loop.

Die Spaanse Griep epidemie (1918) het dan ook juis hierdie algemene swak lewensomstandighede beklemtoon. Dit het daartoe gelei dat hierdie tragedie die aktiveerder was vir formele swart dorpsontwikkeling te Schweizer-Reneke. Die Dorpsraad van Schweizer-Reneke het die lokasie as 'n gesondheidsrisiko beskou vir sowel die lokasie-inwoners as die blanke dorpenaars. Streng gesondheidsmaatreëls is deur die Dorpsraad ingestel om die inpak van die griep te verminder. Ten spyte hiervan was die sterfte syfer van die Bloemhofdistrik, wat Schweizer-Reneke ingesluit het, die hoogste in Transvaal. Van die totale distrikbevolking van 21 208 was daar 788 aangemelde sterftes. Dit was nagenoeg 36.12% van die distrik se populasie.⁴⁵

Soos wat die ontoereikendheid van die lokasie sterker op die voorgrond geplaas is deur die epidemie, is die Dorpsraad van Schweizer-Reneke gedwing om met nuwe oë na die lokasie te kyk. Dit was dan ook die groot rede vir die Dorpsraad se besluit in 1920 om 'n groter lokasie, verder weg van die dorp, te ontwikkel.⁴⁶ Heel moontlik wou die Dorpsraad hiermee toekomstige uitbrake van aansteeklike siektes na aan die dorpe beperk⁴⁷.

Toe die berug van die voorgenome nuwe lokasie die lokasie-inwoners bereik, het hulle skriftelik beswaar gemaak in die vorm van 'n petisie. Die feit dat hulle nie in die saak geken was nie, en omdat so 'n verskuiwing vir hulle uitgawes en aanpassings sou meebring, kan gesien word as redes vir hulle ontevredenheid. Elemente van geforseerde verhuising is duidelik sigbaar. Die beplande ligging van die voorgenome lokasie ook bygedra het tot die negatiewe houding aangesien die nuwe lokasie verder weg van die dorp sou

43. TAB in NAB, Munisipaliteit van Schweizer-Reneke (MSR), 1/1/1: Dorpsraadnotules, Notule, 08.06.1904.

44. TAB in NAB, MSR, 2/1/1: Brieweboeke, Naturelle inspekteur, Bloemhof/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 20.05.1923; TAB in NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotule, Notules, 19.10.1918.

45. H. PHILIPS, "Black October" *The impact of the Spanish influenza epidemic of 1918 on South Africa* (University of Cape Town, Cape Town, 1984), pp. 160-167.

46. TAB in NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 04.02.1920; TAB in NAB, Direkteur van Plaaslike Bestuur (TPB), 176, TALG 507: Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Provinsiale Sekretaris, Pretoria, 08.03.1920

47. S.J. BESTER, Iplegeng, 1918 tot 1994: Van plakkerskamp tot dorpsgrond- 'n Historiese studie (MA-verhandeling, PU vir CHO, 1997), p. 25.

wees.⁴⁸

As reaksie op die petisie het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke geantwoord dat die saak nog net onder bespreking is, en dat niks gefinaliseer is nie.⁴⁹ Die Dorpsraad het in hierdie stadium nie oor die nodige fondse beskik om tot aksie oor te gaan nie. Die optrede van die lokasie-inwoners was sekerlik voortydig en die dorpsraad het duidelik kennis geneem van die swartmense se gevoel rondom die voorgename lokasie. Dit het egter nie die Dorpsraad van plan laat verander in hulle visie vir 'n nuwe lokasie nie.

Met die onderhandelinge ten opsigte van die nuwe lokasie het die Dorpsraad dit ook duidelik aan die Departement van Naturelle Sake gestel dat die bestaande lokasie nie gesluit sou word nie. Daar sou glo nie 'n volskaalse gedwonge verskuiving plaasvind nie. Hierdie reëling was finansiële tot voordeel van die Dorpsraad aangesien daar nie kompensasie aan die inwoners uitbetaal is nie.⁵⁰

Eers gedurende 1926 kon die Dorpsraad daadwerklik kon oorgaan tot die uitlê en proklamasie van die nuwe lokasie.⁵¹ Die nuwe lokasie was ongeveer 1.6 kilometer wes van die dorp, aan die suidekant van die Amalia-pad. Toe die eerste inwoners die nuwe lokasie betrek was daar honderd standplase wat uitgehuur kon word.⁵² Om verwarring te voorkom is die bestaande lokasie, Lokasie Een genoem terwyl die nuwe lokasie Lokasie Twee geheet het. Laasgenoemde se naam is in die vroeë sewentigerjare amptelik na Ipelegeng verander, wat "onafhanklike" of "ons dra onself", beteken.

3. Swart hervestiging en die onteiening van blanke grond vir swart dorpsontwikkeling: 1927-1962

Die feit dat die Dorpsraad van Schweizer-Reneke op 'n outokratiese⁵³ wyse die besluit ten opsigte van die nuwe lokasie geneem het, was 'n vername rede waarom die lokasie-inwoners teesinnig was om na Lokasie Twee te trek. Aangesien Lokasie Een nie geproklameer was nie, kon die lokasie-regulasies wat in Lokasie Twee gegeld het, nie wettiglik in Lokasie Een toegepas word

TAB in NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 08.12.1925: M.M.B. LIEBENBERG, *Schweizer-Reneke* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1990) p.50.

49. TAB in NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 05.03.1920.

50. TAB in NAB, MSR, 2/1/2: Brieweboek, Sekretaris van Naturelle Sake, Pretoria/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 10.12.1925.

51. TAB in NAB, MSR, 2/1/2: Brieweboek: S. Cameron, Schweizer-Reneke/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 20-01.1926; NAB, MSR, Dorpsraadnotules, Notule, 19.10.1926.

52. H.P. MAREE, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke, 3 Oktober 1969* (H.P. Maree, Schweizer-Reneke, 1969) p. 106.

53. Die Dorpsraad het as Raad wel onderling 'n demokratiese proses gevolg om die lokasie te verskuif, maar outokraties opgetree aangesien nie al die betrokke partye wat die gebied bebou, en wie dit sou raak, geraadpleeg is nie.

nie. Dit het meegebring dat die woonkoste in Lokasie Een dus goedkoper was as 'n Lokasie Twee en die inwoners ook daarom nie gretig was om na Lokasie Twee te trek nie.

Daarbenewens was die Industrial and Commercial Workers Union of Africa (ICU), die belangrikste swart werkersorganisasie in die twintigerjare, baie invloedryk onder die swartmense in die omstreke van Schweizer-Reneke.⁵⁴ Die ICU het die lokasieinwoners op hulle regte gewys, en klagtes namens die swartmense opgeneem. Dit het verhoudinge tussen stadsraad en lokasie bewoners verder laat versleg.⁵⁵ 'n Algemene negatiwiteit het by die swartmense teenoor die verskuiwingsproses ontstaan, wat die Dorpsraad laat besef het dat die verskuiwing langer gaan duur as waarop hulle gehoop het.

In 'n poging om die verskuiwingsproses aan te help, is geen nuwe intrekkers in Lokasie Een toegelaat nie, maar moes 'n standplaas in Lokasie Twee gehuur word.⁵⁶ As 'n Lokasie Een-inwoner uitgesit is as gevolg van onbetaalde huur, kon hy aansoek doen vir 'n standplaas in Lokasie Twee. Met die afsterwe van 'n standplaashouer in Lokasie Een, is aan sy familie 'n standplaas toegestaan wat hulle kon huur.⁵⁷

Die verskuiwingsproses is verder bespoedig deur die amptelike proklamasie van Lokasie Een gedurende 1940.⁵⁸ Vir Lokasie Een het dit uiteindelik lokasie-status meegebring. Dit het beteken dat die regulasies van Lokasie Twee ook van toepassing was op Lokasie Een. Hierdie regulasie het onder meer behels dat wooneenhede volgens spesifikasies opgerig moes word. Om in Lokasie Een te woon was dus nie meer goedkoper as in Lokasie Twee nie.⁵⁹

Alhoewel daar na die proklamasie van Lokasie Twee dienste in albei lokasies gelewer is, het die dienslewering aan Lokasie Een veral vanaf 1940 gestagneer dit terwyl dienste in Lokasie Twee onderhou en uitgebrei is.⁶⁰ So is die inwoners op subtile maniere gedwing om na Lokasie Twee te verhuis. Aan die van die munt gesien, het die dienste in Lokasie Twee bygedra tot die

-
54. M.M.B. LIEBENBERG, *Schweizer-Reneke* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1991) p.59
 55. TAB in NAB, MSR, Dorpsraadnotules, Notule, 26.09.1929; NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 08.08.1929.
 56. TAB in NAB, MSR, brieweboek: Jors Siam, Schweizer-Reneke/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 24.03.27.
 57. M.M.B. LIEBENBERG, *Schweizer-Reneke* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1990) P.56.
 58. *Goewermentkennisgewing no. 1960*, 06.12.1940.
 59. TAB in NAB, Direkteur van Plaaslike Bestuur (TPB), 176, TALG 507: Inspeksieverslag van Schweizer-Reneke lokasie op 18 en 20 1939 9-11; TAB in NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 24.11.1929; TAB in NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 07.12.1945.
 60. TAB in NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 10.12.1945.

inwonersvriendelikheid daarvan, en Lokasie Een- inwoners was al meer geneë om na Lokasie Twee te trek.

Dit sou eers met die toepassing van die Wet op Groepsgebiede van 1950 wees dat die 30-jaar lange verskuiwingsproses tot 'n einde gekom het. Hiermee het Lokasie Een uitgefasseer, met Lokasie Twee waarvan die inwonertal nagenoeg 3 150 was, as die amptelike swart woongebied van Schweizer-Reneke.⁶¹

Te midde van die bovermelde verskuiwingsproses is daar teen die laat 1940's deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke besef dat Lokasie Twee uitgebrei moes word om aan die groeiende getal inwoners te voorsien. Die uitbreidingsproses het dan ook in 1948 in werking getree⁶². Dit het 'n plofbare situasie laat ontwikkel, aangesien dit tot teenaan mnr. G.P. van Zyl se plaas, Zylstroom gestrek het. Teen die middel van die vyftigerjare het die spanning tussen die lokasie-inwoners en Van Zyl breekpunt bereik. Oor en weer is beskuldigings van vandalisme, dieremishandeling en rommelstrooiing gemaak.

Van Zyl het die Dorpsraad se aandag gevestig op die probleem wat hy met die lokasie-inwoners ondervind het. Hy het gedurende 1956 'n skrywe aan die Departement van Naturellesake gerig om sy saak te bepleit.⁶³ Aangesien daar geen daadwerklike reaksie was nie, het hy ook aan die destydse minister van Naturellesake geskryf om die situasie te verduidelik, sonder sukses.⁶⁴

Gedurende 1957 het Van Zyl weer sy klagtes teen die lokasie-inwoners aan die Dorpsraad van Schweizer-Reneke gestel. Volgens hom het rondlopers en vee uit die lokasie op sy grond oortree, en dat sy grensdraad gereeld deur lokasie-inwoners beskadig is. Verder het rommel van die lokasie ook op sy grond beland.⁶⁵

Op hulle beurt het lokasie-inwoners op 7 Augustus 1957 'n klagstaat teen Van Zyl aan die magistraat van Schweizer-Reneke oorhandig. Hierin is byvoorbeeld gekla dat Van Zyl hulle vee onregmatig geskut het, en dat hy hulle vee mishandel het.⁶⁶ Om die situasie tussen beide partye te ontloft is

-
61. Unie van Suid-Afrika, Buro vir Statistieke, *Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika 1904-1960*, Verslag no 02.02.01, 1960, pp. 101, 105, 190.
 62. TAB in NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 30.01.1948; TAB in NAB, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 19.03.1948.
 63. Sentrale Argiefbewaarpark (SAB) in Nasionale Argiefbewaarpark (NAB), Sekretaris van Naturelle Sake (NTS), 5986, 102/313 N: Sekretaris van Naturelle Sake, Pretoria/G.P. van Zyl, Schweizer-Reneke, 05.09.1956.
 64. SAB in NAB, NTS 5986, 102/313 N, Minister van Naturelle Sake, Pretoria/G.P. van Zyl, Schweizer-Reneke, 12.10.1956.
 65. Dorpsraad van Schweizer-Reneke (DSR), Stadsklerk van Schweizer-Reneke (DSR), N 1/1: G.P. van Zyl, Schweizer-Reneke/W.P. Els, Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 08.08.1957.
 66. DSR, N 1/1:W.P.Els, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Lokasie Adviesraad, Schweizer-Reneke, 07.08.1957

daar gedurende Augustus 1957 'n openbare vergadering, deur die Lokasie-superintendent mnr. P.S. Pretorius, in die lokasie gereël. Die doel was om die griewe en klagtes te bespreek. Geen klinkklare oplossings vir die probleem is aanvaar nie.

Van Zyl het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke geblameer vir die toedrag van sake, aangesien dit as uitvloeisel 'n dorpsraadbesluit was dat die lokasie gedurende 1948 uitgebrei is. Toe die Dorpsraad Van Zyl in 1957 genader het om 'n gedeelte van die plaas vir verdere swart dorpsontwikkeling te verkoop, was hy nie daartoe bereid nie.⁶⁷ Vir die Stadsraad was daar ander dorpsgrond beskikbaar vir die beoogde ontwikkeling, maar dit het nie aan die bestaande lokasie gegrens nie. Om dié rede was die aankoop van 'n gedeelte van Zylstroom vir die Stadsraad die beste oplossing vir 'n knellende probleem.⁶⁸

'n Bitter stryd het gevolg wat uitgeloop het op 'n hofgeding tussen die Dorpsraad van Schweizer-Reneke en Van Zyl. Van Zyl het die hofsak verloor, en 'n gedeelte van die plaas is gedurende 1962 onteien. Die onteiening het volgens Wet 10 van 1958 geskied,⁶⁹ en as kompensasie het Van Zyl R6 500 ontvang.⁷⁰ Ironies genoeg het hy sekerlik minder uitgekry, aangesien hy hofonkoste moes betaal. Daarby kan geredeneer word dat dit vir Van Zyl nodig was om op 'n gedwonge wyse te verskuif en regte op grond aan hom toegesê te ontse.

Vir swart dorpsontwikkeling het die beeindiging van hiërdie jarelange stryd voortuigang beteken. Infrastrukturele uitbreiding van Lokasie Twee, of te wel Ipelegeng waarna vroeër verwys, is in die sewentigerjare op 'n stewiger grondslag geplaas⁷¹. Die instelling van eie bestuursliggame het hierop gevolg om Ipelegeng inwoners die reg te gee op besluitneming in 'n gebied wat hulle belange raak.⁷²

DSR, N 1/1: Memorandum namens die dorpsraad van Schweizer-Reneke vir die regspleging op verdere aspekte van onteiening en waterbelasting, 1960, p.1.

68. Mondeling medeling, J.J. Kotze, Voormalige Dorpsraadlid, 03.03.1995.
69. Hierdie wet het bekend gestaan as die Behuisingswet. Die Regering van die dag kon grond wat benodig is vir behuising met hierdie wet bekom. As die grond, soos in die geval van Van Zyl, nie te koop was nie, is die grond deur die wet onteien. Die wet het ook daarvoor voorsiening gemaak dat abieters die vergoeding van die grond bepaal. Vergelyk DSR, N 1/1: Verslag oor onteiening, 1960, pp.1-4.
70. DRS, N 1/1: Memorandum namens die Dorpsraad van Schweizer-Reneke vir die regspleging op verdere aspekte van onteiening en waterbelasting, 1960, p. 1-2.
- Mondelinge medeling, R. Hattingh, Voormalige Hoof Uitvoerende Beampte/ S.J. Bester, 15-03-1995; Schweizer-Reneke Munisipaliteit (SRM), 13/3/1: Wes-Transvaal se Bantoe-Administrasieraad: Bantoebehuising, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Hoofdirekteur, Wes-Transvaal se Bantoe-Administrasieraad, 12.02.1974.
72. Kyk *Die Stellaland*, 25 Augustus 1988; SRM, 2/7/3: Verkiesingsuitslae 01.11.1995.

4. Samevatting

Die reg op grond word wêreldwyd as 'n fundamentele reg erken al verskil die toepassing daarvan. In Suid-Afrika verskil die kommunale beginsel met sy kollektiewe inslag van die westers-georiënteerde stelsel. Verder is die beginsels waarvolgens grondregte toegepas word nie staties nie aangesien 'n volgende regering dikwels aanpassings maak.

In die vroeë vestigingspatrone in die Schweizer-Reneke gebied is dit duidelik dat die voortdurende soeke na genoegsame weiding dikwels ontaard het in 'n stryd om grondregte. Met die ontdekking van diamante (1867) het swart bevolkingsgroepe soos die Koranna en die Thlaping ook deel geword van die stryd om grond in die magstryd tussen die ZAR en Brittanje. Vir die handjiewol Korannas het die stryd om grond uiteindelik noodlottig uitgedraai. Mamusa - oftewel Schweizer-Reneke, is hierop in 1888 gestig en in blanke beheer gekom. Die verskuiwings van swart mense wat na die Slag van Mamusa plaasgevind het, kan beskou word as die eerste voorbeeld van gedwonge swart verskuiwing en daarmee miskenning van grondregte wat in die Schweizer-Reneke gebied plaasgevind het.

Met die Griepedemie van 1918 is die lokasie deur die Dorpsraad van Schweizer as te klein en te naby die dorp beskou. Die Lokasie is ook as 'n gesondheidsrisiko vir sowel wit as swart geïdentifiseer. Daarom het die Raad gedurende 1920 besluit om 'n groter lokasie verder weg van die dorp aan te lê. Swart verskuiwing en hervestiging te Schweizer-Reneke na die 1918 Griepedemie kan nie ten volle as gedwonge verskuiwing beskou word nie, aangesien die verskuiwing nie met geweld of wetgewing afgedwing is nie. Welliswaar was subtiliteit en takt deur die Stadsraad aan die orde deur bloot die nuwe woongebied meer te ontwikkel en nie nuwe inwoners toe die ou woongebied toe te laat nie. Verset en onwilligheid van sommige inwoners om na Lokasie Twee te trek, kan gesien word as 'n element van gedwonge verskuiwing.

Die onteiening van mnr. G.P. van Zyl se grond het ook met onwilligheid om te verkoop sowel as verset gepaard gegaan. Aangesien die grond na die hofsaak deur wetgewing onteien is, kan dié onteiening sekerlik ook as gedwonge verskuiwing van Van Zyl beskou word. Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat gedwonge verskuiwing vir swart sowel as blank gegeld het, hoewel dit ten opsigte van laasgenoemde in 'n mindere mate gegeld het.

In teenstelling met die swart verskuiwing, het van Zyl minstens kompensasië ontvang. Ten tyde van swart verskuiwing het die Dorpsraad 'n pertinente rol gespeel terwyl die regering indirek betrokke was. In van Zyl se geval het beide die Dorpsraad en Regering direk en indirek 'n groot rol gespeel in die onteiening van sy grond.

Volgens die huidige wetgewing ten opsigte van grondeise is daar nie 'n swart

groepering wat die grond van Schweizer-Reneke kan opeis nie aangesien die Korannas as oorspronklike eienaars nie meer as bevolkingsgroep na die Slag van Mamusa voortbestaan het nie. Tans is die swart inwoners van die Ipelegeng swart woonbuurt 'n gemengde groep van hoofsaaklik Sotho's en Tswana's wat die Schweizer-Reneke grondgebied met die blanke deel.

Summary

Land rights in the process of town development for black people in the Schweizer-Reneke area, up to 1962.

Schweizer-Reneke was founded by white farmers in 1888. The town is situated on the banks of the Hartsriver. According to the present provincial division Schweizer-Reneke, of which Ipelegeng forms part, is situated in the North-West Province. Neighbouring towns are Delareyville, Bloemhof and Christiana. In this article aspects of landrights in the process of town settlement in the Schweizer-Reneke district is discussed. This is done by introducing a focus on the recent actuality of landrights in South Africa in general. It is followed by a historical overview of the process of landrights in the Schweizer-Reneke area before 1927 and, thereafter, black town development, as well as the controversial process of resettlement. Dispossession of white land in this process, and if it is to be regarded as an aspect of forced removal, is shortly debated.